# GEOUDITEERDE GROEPRESULTATE vir die jaar geëindig 31 MAART 2011 en verdere omsigtigheidsaankondiging

**Invicta**
HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandelekode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "die Groep")




**Inkomste ↑ 14,2% • Wins vir die jaar ↑ 16,6% • Wesensverdienste per aandeel ↑ 12,5% • Finale dividend ↑ 23,5%**

## GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | % verandering | 2011 R'000 | 2010 R'000 |
|---|---|---|---|
| Inkomste | 14,2 | **4 533 801** | 3 968 872 |
| Bedryfsinkomste | 11,5 | **505 493** | 453 293 |
| Rente en dividende ontvang | | **490 132** | 408 498 |
| Finansieringskoste | | **545 242** | 432 886 |
| Gedeelte van assosiaat | | **871** | 639 |
| Wins voor belasting | 5,1 | **451 254** | 429 544 |
| Belasting | | **25 032** | 64 155 |
| Wins vir die jaar | 16,6 | **426 222** | 365 389 |
| Nie-beherende belang | | **72 067** | 44 493 |
| **Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers** | 10,4 | **354 155** | 320 896 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | 11,3 | **504** | 453 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | 8,8 | **480** | 441 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | |
| Toeskryfbare verdienste | | **354 155** | 320 896 |
| Aanpassings | | | |
| – Negatiewe klandisiewaarde op besigheidskombinasies | | **–** | (7 952) |
| – Netto waardedaling van eiendom, masjinerie en toerusting | | **(4 271)** | 190 |
| – Waardedaling in klandisiewaarde | | **–** | 3 442 |
| – Vrystelling van uitgestelde wins op uitreiking van aandele deur filiaal | | **(3 870)** | (3 870) |
| – Wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | | **(117)** | (3 732) |
| Totale aanpassings voor belasting en nie-beherende belang | | **(8 258)** | (11 922) |
| Belasting | | **1 853** | 1 616 |
| Nie-beherende belang | | **632** | 1 412 |
| Totale aanpassings | | **(5 773)** | (8 894) |
| **Wesensverdienste** | 11,7 | **348 382** | 312 002 |
| **Uitgereikte aandele** | | | |
| Geweegde gemiddeld (000'e) | | **70 211** | 70 779 |
| Aan die einde van die jaar (000'e) | | **69 954** | 70 712 |
| Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e) | | **73 720** | 72 767 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | 12,5 | **496** | 441 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | 10,3 | **473** | 429 |
| **Dividende per aandeel* (sent)** | 21,2 | **183** | 151 |
| – Tussentyds | 16,3 | **57** | 49 |
| – Finaal | 23,5 | **126** | 102 |

** In ooreenstemming met IAS10 word die finale dividend van 126 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die jaareindresultate getoon nie.*

## GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN KONTANTVLOEI

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | 2011 R'000 | 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **626 547** | 590 226 |
| Finansieringskoste | **(545 242)** | (432 886) |
| Dividende betaal | **(114 586)** | (96 389) |
| Belasting betaal | **(48 377)** | (25 329) |
| Rente en voorkeurdividende ontvang | **490 132** | 408 498 |
| Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | **408 474** | 444 120 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Netto kontantuitwerking van bateverkrygings | **(95 038)** | (74 458) |
| Netto kontantuitwerking van ander beleggingsaktiwiteite | **(315 241)** | (191 556) |
| Toename in langtermyn- ontvangbare rekenings | **(256 053)** | (6 721) |
| Netto kontantuitwerking van tesourie-aandeelbeleggings | **(23 239)** | (2 323) |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(689 571)** | (275 058) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | |
| Netto kontantuitwerking van lenings verkry | **475 046** | 177 104 |
| Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite | **475 046** | 177 104 |
| Netto toename in kontant en kontantekwivalente | **193 949** | 346 166 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **214 707** | (131 459) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **408 656** | 214 707 |

## SEGMENTINLIGTING

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Ingenieurswese verbruikbares R'000 | Kapitaaltoerusting en onderdele R'000 | Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **2011** | | | | |
| Inkomste | **2 387 363** | **1 876 542** | **269 896** | **4 533 801** |
| Bedryfswins | **319 665** | **157 525** | **28 303** | **505 493** |
| Totale bates | **1 450 792** | **1 081 667** | **4 356 408** | **6 888 867** |
| Totale laste | **414 378** | **778 091** | **3 841 549** | **5 034 018** |
| 2010 | | | | |
| Inkomste | 2 018 304 | 1 749 538 | 201 030 | 3 968 872 |
| Bedryfswins | 292 673 | 123 441 | 37 179 | 453 293 |
| Totale bates | 1 233 928 | 884 232 | 3 818 954 | 5 937 114 |
| Totale laste | 300 217 | 631 884 | 3 391 750 | 4 323 851 |

## GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

soos op 31 Maart

| | 2011 R'000 | 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **4 262 675** | 3 706 514 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **353 953** | 312 860 |
| Finansiële beleggings | **2 965 674** | 2 882 206 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **362 453** | 255 326 |
| Langtermynlenings en finansiële bate | **510 655** | 186 270 |
| Uitgestelde belasting | **69 940** | 69 852 |
| **Bedryfsbates** | **2 626 192** | 2 230 600 |
| Voorraad | **1 381 615** | 1 298 795 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **698 526** | 670 979 |
| Korttermyn ontvangbare rekenings | **99 498** | – |
| Voorafbetaalde belasting | **14 150** | 273 |
| Banksaldo's en kontant | **432 403** | 260 553 |
| **Totale bates** | **6 888 867** | 5 937 114 |
| **EKWITEIT EN VERPLIGTINGE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **1 854 849** | 1 613 263 |
| Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **1 611 265** | 1 442 966 |
| Nie-beherende belang | **243 584** | 170 297 |
| **Nie-bedryfslaste** | **3 659 362** | 3 223 347 |
| Langtermynlenings en finansiële verpligtinge | **3 653 114** | 3 209 058 |
| Uitgestelde belasting | **6 248** | 14 289 |
| **Bedryfslaste** | **1 374 656** | 1 100 504 |
| Korttermynlenings en finansiële verpligtinge | **126 071** | 18 056 |
| Handels-, ander bedrae betaalbaar en voorsienings | **1 211 786** | 1 023 315 |
| Belastingverpligtinge | **13 052** | 13 287 |
| Bankoortrekkings en bankaksepte | **23 747** | 45 846 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | **6 888 867** | 5 937 114 |

## GEKONSOLIDEERDE VERKORTE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | 2011 R'000 | 2010 R'000 |
|---|---|---|
| **Aandelekapitaal** | | |
| Saldo aan begin en einde van jaar | **3 724** | 3 724 |
| **Aandelepremie** | | |
| Saldo aan begin en einde van jaar | **282 715** | 282 715 |
| **Tesourie-aandele** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **(96 570)** | (94 247) |
| Tesourie-aandele verkry | **(23 239)** | (2 323) |
| Saldo aan einde van jaar | **(119 809)** | (96 570) |
| **Teruggehoue inkomste** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **1 198 882** | 972 824 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **354 155** | 320 896 |
| Aandeel-appresiasieregte uitgeoefen | **(50 920)** | – |
| Verandering in mate van beheer in filiale | **961** | – |
| Dividende betaal | **(111 773)** | (94 838) |
| Saldo aan einde van jaar | **1 391 305** | 1 198 882 |
| **Ander reserwes** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **54 215** | 41 039 |
| Voortspruitend uit die uitreiking van aandeel-appresiasieregte | **19 226** | 22 045 |
| Voortspruitend uit die uitoefening van aandeel-appresiasieregte | **(19 586)** | – |
| Herwaardasiereserwe afgeskryf op likwidasie van Groepmaatskappy | **–** | (3 169) |
| Voortspruitend uit omsetting van buitelandse bedrywighede | **(525)** | (5 700) |
| Saldo aan einde van jaar | **53 330** | 54 215 |
| Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **1 611 265** | 1 442 966 |
| **Nie-beherende belang** | | |
| Saldo aan begin van jaar | **170 297** | 130 196 |
| Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers | **72 067** | 44 493 |
| Gedeelte van buitelandse valuta-omsettingsreserwe | **(308)** | (1 949) |
| Netto belegging in filiale | **8 435** | 1 510 |
| Dividende betaal | **(6 907)** | (3 953) |
| Saldo aan einde van jaar | **243 584** | 170 297 |

## ANDER INLIGTING

| | 2011 | 2010 |
|---|---|---|
| Netto rentedraende skuld:ekwiteitverhouding (uitgesluit die langtermyn-befondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) (%) | **3** | – |
| Waardevermindering en amortisasie (R'000) | **81 289** | 32 356 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **2 303,3** | 2 040,6 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | **1 785,2** | 1 679,5 |
| Kapitaalbesteding (R'000) | **114 374** | 83 424 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000) | **252** | 313 |
| Kapitale verpligtinge (R'000) | **7 121** | 988 |

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE**

**Voorbereidingsgrondslag**

Die verkorte finansiële inligting is voorberei in ooreenstemming met die raamwerkkonsepte en die meting- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die AC500-standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Standaarde Raad, die inligting soos vereis deur IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering, die JSE Beperk se Noteringsvereistes en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Die verslag is voorberei aan die hand van rekeningkundige beleid wat voldoen aan IFRS en stem ooreen met dít wat in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 gebruik is, met uitsondering van die aanname van IAS2, IFRS5, IAS7, IAS28, IAS31, IAS38 en IAS39.

## KOMMENTAAR

**FINANSIËLE OORSIG**

Die Groep het weereens goeie resultate gelewer. Internasionale markte het begin herstel van die onlangse finansiële krisis. Dit het aanleiding gegee tot 'n toename in die vraag na produkte wat deur die Groep verskaf word. Die sterk rand plaas egter steeds druk op marges.

Groepomset het met 14,2% tot R4,534 miljard toegeneem, waarvan R227 miljoen (5,0%) deur verkrygings bygedra is. Weens voortgesette marge- en inflasionêre druk het bedryfsinkomste met slegs 11,5% tot R505 miljoen gestyg, steeds 'n aanvaarbare prestasie.

Wins vir die jaar het met 16,6% tot R426 miljoen gestyg, wat 'n toename in wesensverdienste per aandeel van 12,5% tot 496 sent per aandeel tot gevolg gehad het. Goeie bedryfskapitaalbestuur het tot gevolg gehad dat kontant gegenereer uit bedrywighede 'n rekord van R627 miljoen bereik het, 'n toename van 6,2% teenoor die vorige jaar.

Die Groep put steeds voordeel uit groeigeleenthede en het 'n aantal strategiese verkrygings ten bedrae van R135 miljoen gemaak. Die beduidendste hiervan was die verkrygings deur BMG van sommige van sy strategiese agentskapsafsetpunte, 70% van Wegezi Power Holdings (Edms) Beperk en 'n aantal kleiner hidrouliese besighede. Wegezi vervaardig en herstel transformators, elektriese motors en pompe.

**BMG (BEARING MAN GROUP)**

BMG bly die vernaamste winsbydraer van die Invicta-groep met 'n bydrae van 63,2% tot die bedryfsinkomste vir die jaar. Die handelsomgewing vir industriële verbruiksgoedere het uitdagend gebly, met areas van verbetering in sommige sektore wat deur swakheid in ander geneutraliseer is. Onder dié omstandighede het BMG 'n heel bevredigende stel resultate gelewer.

Volumes het oor die algemeen toegeneem, maar die sterk rand het 'n afname in bruto marges tot gevolg gehad. Omset het met 18,3% van R2,018 miljard tot R2,387 miljard toegeneem. Hiervan het 7,6% (R154 miljoen) gekom van organiese groei en 10,7% (R215 miljoen) van verkrygings. Verlaagde bruto marges en hoër bedryfskoste het daartoe gelei dat bedryfsinkomste met slegs 9,2% gestyg het. Danksy 'n strategiese besluit gedurende die jaar om sekere voorraadkategorieë te verhoog, het BMG op jaareinde 'n goeie voorraadhouding gehad. Die aardbewing in Japan het gevolglik 'n betreklik geringe impak op BMG se bedrywighede gehad.

**CEG (CAPITAL EQUIPMENT GROUP)**

CEG het steeds in sy geheel 'n bevredigende resultaat gelewer. Totale omset van die Capital Equipment Group het met 7,3% tot R1,877 miljard toegeneem. 'n Klein verkryging is gedurende die jaar gemaak, maar dit het geen impak op die resultate gehad nie. 'n Groter bydrae van onderdele- en dienste-omset, tesame met goeie kostebeheer, het tot gevolg gehad dat bedryfswins met 27,6% tot R158 miljoen gestyg het. Die segment se geannualiseerde bedryfswinsopbrengs op kapitaal aangewend het op 'n uitstekende vlak gebly.

Volumes in die landboumasjinerie-sektor het marginaal teenoor verlede jaar verbeter en volgehoue prestasie in hierdie afdeling verseker. Daar was 'n geleidelike herstel in volumes in die konstruksie-toerustingsektor, hoewel van 'n baie lae basis. Die stappe wat in die lig van die internasionale finansiële krisis in sy konstruksie-toerustingafdeling geneem is, het egter 'n wesenlike verbetering in die bydrae daarvan tot CEG se bedryfswins gehad. Die afdeling vir bergingstoerusting (Criterion Equipment) het ook 'n goeie bydrae tot die wins gelewer.

**ANDER BEDRYWIGHEDE**

Tiletoria het sy verspreidingsnetwerk uitgebrei deur na 'n nuwe perseel in Durban te verhuis en 'n tak in Johannesburg te open. Die Groep het in die infrastruktuur van Tiletoria bly belê. Hoewel Tiletoria tans nog nie 'n beduidende bydrae lewer nie, word verwag dat dit oor die volgende paar jaar beduidend sal groei.

**VOORUITSKOUING**

Handelstoestande in die sektore waarin die Groep sake doen, blyk geleidelik te verbeter. Die huidige sterkte van die rand bly 'n bron van kommer aangesien dit die druk op marges sal volhou en die inkomste van sleutelkliënte, wat in uitvoer gerigte sektore sake doen, sal verlaag. Die Groep sal bly fokus op verbeterings in bedryfsdoeltreffendheid en op verkrygings om bestendig te groei.

BMG het sy basis deur strategiese verkrygings vergroot en sal daarmee volhou soos en wanneer geleenthede hulle voordoen.

Wat CEG betref, is toestande op die terrein van landboutoerusting beter as wat voorsien is. Graanpryse het herstel van verlede jaar se laagtepunte en behoort 'n volgehoue vraag na landboutoerusting te ondersteun. Toestande in die mark vir konstruksietoerusting verbeter geleidelik, hoewel van 'n lae basis.

Die onlangse aardbewing in Japan het sommige van die Groep se verskafffers beïnvloed, maar nie wesenlik nie. Die uitwerking op die Groep was gevolglik minimaal. Sowat 21% van die Invicta Groep se omset kom van Japanese produkte. Die Groep se verskafferfabrieke is hoofsaaklik in die suide van Japan geleë, wat ver is van die noord-oostelike gebied wat deur die ramp getref is. Sommige is geraak deur die ontwrigting in die verskaffing van onderdele aan hulle, maar daar was weinig ontwrigting in die verskaffing aan Invicta. Die Groep beskik oor goeie voorraadvlakke en verwag nie enige wesenlike ontwrigting weens die nagevolge van die aardbewing in Japan nie.

In ooreenstemming met sy voorneme om op groei te fokus, het die Direksie besluit om 'n balans te handhaaf tussen die terughouding van kontant vir groei en die betaling van dividende. Die toekomstige jaarlikse dividenddekking is gevolglik vasgestel op 2,75 keer verdienste per aandeel, wat 'n finale dividend van 126 sent per aandeel tot gevolg het, 'n toename van 23,5%.

Die Direksie het volle vertroue vir die voortgesette sukses van die Groep.

**VERDERE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING**

Aandeelhouers word verwys na die omsigtigheidsaankondiging gedateer 13 April 2011 waarin hulle meegedeel is dat Invicta samesprekings met hulle SEB-vennote, aloeCap (Edms) Beperk, aangegaan het vir die moontlike herstrukturering van hulle 20% belang in Humulani Investments (Edms) Beperk, 'n Invicta-filiaal, wat, indien dit suksesvol afgehandel word, 'n wesenlike uitwerking op die prys van die Maatskappy se sekuriteite mag hê.

Aandeelhouers word meegedeel dat onderhandelings steeds aan die gang is en dat hulle moet voortgaan om omsigtig in die aandele van Invicta te verhandel totdat 'n verdere aankondiging gemaak word.

**OUDITMENING**

Die ouditeure, Deloitte & Touche, het hulle mening oor die Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 uitgespreek. Die oudit was in ooreenstemming met Internasionale Standaarde op Ouditering uitgevoer. Hulle het 'n ongewysigde ouditmening uitgereik. Hierdie verkorte voorlopige finansiële state is uit die Groep finansiële state afgelei en stem in alle wesenlike opsigte ooreen met die Groep finansiële state. 'n Afskrif van die ouditverslag is ter insae by die Maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie wat in hierdie aankondiging ingesluit is, is nie deur die Maatskappy se ouditeure nagegaan of gerapporteer nie.

**DIVIDEND**

Die Direksie het 'n finale dividend van 126 sent per aandeel vir die jaar geëindig 31 Maart 2011 verklaar.

Die volgende datums is van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste dag om "MET" dividend te verhandel | Vrydag, 1 Julie 2011 |
| Eerste dag om "SONDER" dividend te verhandel | Maandag, 4 Julie 2011 |
| Rekorddatum | Vrydag, 8 Julie 2011 |
| Betaaldatum | Maandag, 11 Julie 2011 |

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word van Maandag, 4 Julie 2011, tot en met Vrydag, 8 Julie 2011 nie, albei dae ingesluit.

Op las van die Direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Kaapstad
1 Junie 2011

GRAPHICULTURE

**Geregistreerde kantoor:** Invicta Holdings Limited, 3de verdieping, Pepkor-gebou, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow Oos, 7501 • **Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Grondvlak, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Directors:** Dr CH Wiese* (voorsitter), A Goldstone (besturend), C Barnard, AK Masuku*#, JS Mthimunye*, DI Samuels*, LR Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters, adv JD Wiese*   * *Nie-uitvoerend*   # *Plaasvervangend* • **Maatskappysekretaris:** C Barnard • **Borg:** Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Beperk

www.invictaholdings.co.za